

DIE RESEPTOR IN NIDA SE VERTAALTEORIE

MET BESONDERE VERWYSING NA DIE NUWE TESTAMENT

Skripsie voorgelê deur

JOHANN WILHELM OOSTENBRINK

ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
Honneurs Baccalaureus Artium (Grieks) aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys onder leiding van Mnr.
J. Botha.

1984

VOORWOORD

Graag wil die skrywer die volgende instansies bedank:

- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die geldelike toekenning;
- Mnr. J. Botha vir sy praktiese leiding;
- Mev. Venter vir die tikwerk;
- Prof. F. van Rensburg vir sy leiding in die keuse van hierdie onderwerp;
- Mnr. M.P. Beukes vir die taalversorging;
- Mnr. D.S. Schutte vir die proefleeswerk;
- Dr. A.L. Combrink vir praktiese raad.

Bo alles kom alle lof en eer aan die Here toe sonder wie niks moontlik is nie.

J.W. Oostenbrink

Oktober 1984

Potchefstroom

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING	1
1. Probleemstelling	1
2. Begrensing	1
3. Opset.	2
HOOFSTUK 1.	
NIDA SE KOMMUNIKASIEMODEL	3
1.1 Faktore en elemente van kommunikasie	3
1.2 Die funksies van kommunikasie	5
HOOFSTUK 2.	
FAKTORE WAT DIE ENKODERENDE EN DEKODERENDE MEGANISMES VAN DIE RESEPTOR BEINVLOED	7
2.1 Kultuur	7
2.1.1 Kulturele voorveronderstellings	8
2.1.2 Aspekte van kultuur wat die reseptor beïnvloed	8
2.1.2.1 Ekologie	8
2.1.2.2 Materiële kultuur	9
2.1.2.3 Sosiale kultuur	9
2.1.2.4 Religieuse kultuur	10
2.1.2.5 Taal	10
2.1.3 Ooreenkomste in kulture	10
2.2 Taal	10
2.2.1 Die korrekte houding ten opsigte van die reseptortaal	10
2.2.2 Grammatika	11
2.2.3 Retoriese struktuur	11
2.2.4 Dialekte	12
2.2.5 Literêre tradisie	12
2.2.6 Vlakke van taal	13
2.3 Die reseptor se opvoedkundige vlak	15
2.4 Kanaalkapasiteit	15
2.5 Sosio-ekonomiese klasse	16
2.5.1 Die hoër klas	16

2.5.2 Die middelklas	17
2.5.3 Die laer klas	17
2.6 Gelowiges en Ongelowiges	17
2.7 Ander faktore	17

HOOFSTUK 3

VERTALING EN DIE RESEPTOR	19
3.1 Die aard van vertaling	19
3.2 Verstaanbaarheid	21
3.3 Prioriteite	21
3.3.1 Die prioriteit van die hoorbare vorm van taal bodie geskrewe vorm van taal	21
3.3.2 Die prioriteit van die behoeftes van die reseptors bodie vorm van taal	22
3.4 Gebruike	23
3.5 Die vertaalproses	23
3.5.1 Analise	24
3.5.2 Oordrag (transfer)	25
3.5.3 Rekonstruksie	28
3.6 Hulpmiddels vir die reseptor buiten die vertaling	28
3.6.1 Perikoopopskrifte	28
3.6.2 Kruisverwysings	29
3.6.3 Kantaantekeninge	29
3.6.4 Identifikasie of verduideliking van objekte of gebeurewat herhaaldelik voorkom	29
3.6.5 Inhoudsopgawe	29
3.6.6 Indeks	29
3.6.7 Inleidings	29

HOOFSTUK 4

DIE TOETSING VAN 'N VERTALING	31
4.1 Die "Cloze Technique"	31
4.2 Berekening van die frekwensie van gebruik	31
4.3 Reaksie op alternatiewe	31
4.4 Verduidelik die inhoud	32
4.5 Hardoplees van 'n teks	32

4.6 Publikasie van 'n deel van die vertaling	32
HOOFSTUK 5	
SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKINGS	34
BIBLIOGRAFIE	36

INLEIDING

1. Probleemstelling

Daar is in die afgelope twee dekades toenemend oor die belangrikheid van die reseptor as 'n element in kommunikasie besin (Lategan, 1984 : 21). Resepsie-estetika is 'n onlangse vertakking van die literatuurwetenskap en is deur die Praagse strukturaliste in die laat sestiger jare in Wes-Duitsland ingevoer. Dit het so ontwikkel dat dit vandag op die voorgrond is in literatuurwetenskap (Senekal, 1983 : 1).

Eugene A. Nida het die belangrikheid van die reseptor met vertaling in verband gebring. Dit blyk veral uit sy standaardwerk The theory and practice of translation (1974) asook ander werke soos Meaning across cultures (1981) en Style and Discourse (1983).

Hoewel 'n reseptorteorie integraal deel is van enige vertaalteorie (trouens, vertaling is nie vertaling as dit nie op een of ander wyse op die reseptor gerig is nie!) gee Nida nie in sy werke oor sy vertaalteorie 'n **sistematiese uiteensetting** van sy bepaalde reseptorteorie as sodanig nie. In die lig hiervan is die doel van die studie die volgende:

Om sistematiese uiteensetting van die rol van die reseptor in Nida se vertaalteorie te gee.

2. Begreusing

In hierdie studie val die klem op die reseptor soos dit in Nida se vertaalteorie voorkom. Daar word ook ander elemente in sy vertaalteorie aangeraak, waar dit van belang is, om sy siening van die reseptor uiteen te sit.

Nida se eie werke is die primêre veld van ondersoek. Nida se reseptorteorie word teties uiteengesit. 'n Teoretiese beoordeling daarvan is buite die skopus van hierdie studie.

3. Opset

Hoofstuk 1 handel oor Nida se kommunikasie-model. Hoofstuk 2 handel oor die faktore wat die enkoderende en dekoderende meganismes van die reseptor beïnvloed. Beide hoofstuk 1 en 2 kom weer ter sprake in hoofstuk 3 waarin daar aangetoon word op watter wyse Nida sy vertaalteorie op die reseptor rig. Hoofstuk 4 handel oor die toetsing van 'n vertaling en hoe dit met die reseptor in verband gebring word. Hoofstuk 5 bestaan uit 'n samevatting en finale gevolgtrekkings.

HOOFSTUK 1

NIDA SE KOMMUNIKASIEMODEL

Volgens Nida (1981(a) : 1) moet, alvorens 'n analise van vertaling gemaak kan word, begin word met "a satisfactory model of communication. By means of such a model one can describe the principal factors and relations that enter into the communication of a message in the source language." Uit The theory and practice of translation (1974) en Meaning across cultures (1981 : 9) wil dit blyk asof Nida sy vertaalteorie op sy kommunikasie-model grond. Daarom moet daar vir die doel van hierdie studie ook kortliks na sy kommunikasie-model gekyk word.

1.1 Faktore en elemente van kommunikasie

Die drie hoofelemente van kommunikasie is (1) die bron (S vir source), (2) die boodskap (M vir message), en die reseptor (R). Diagrammaties word dit soos volg voorgestel:

S- M- R (Nida, 1981(a) : 1)
fig. 1

Hierdie diagram word soos volg uitgebrei:




fig. 2

(Nida, 1972(a) : 310)

Die reseptor is die doel (target) van kommunikasie en vervul 'n noodsaaklike aktiewe rol. Sowel die bron as die reseptor vervul enkoderende en dekoderende funksies. Dit wil sê, beide die reseptor en die bron het die vermoë om 'n boodskap in 'n vasgestelde kode te formuleer en beide kan vasstel wat die boodskap, as dit ontvang word, beteken. Die bron is die sender van die boodskap byvoorbeeld die outeur van 'n boek.

In alle verbale kommunikasie ontvang die reseptor ten minste twee boodskappe gelyktydig. In die diagram hierbo word dit aangedui met die M met die vaste lyn en die M met die stippellyn. Die M met die vaste lyn dui die boodskap wat die woorde self sein, aan en die M met die stippellyn dui die sogenaamde paralinguistiese boodskap aan, wat deur byvoorbeeld die soort papier waarop dit geskryf is, gesein word.

Die kanaal, of die medium, is die middele wat gebruik word om die boodskap van die bron tot by die reseptor te kry. Hiervoor is (1) 'n stel tekens, en (2) middele nodig wat die tekens vanaf die bron tot by die reseptor bring.

Steurings (noise) is enigiets wat die reseptor verhoed om die boodskap voldoende of korrek te ontvang. Dit mag eksterne fisiese steurings sowel as interne psigologiese steurings wees.

Nog 'n belangrike faktor by kommunikasie, is terugvoer (feedback). Hier word drie soorte terugvoer onderskei. Die eerste twee soorte kom in gesproke taal voor. Onmiddellike terugvoer kom voor byvoorbeeld wanneer die spreker 'n woord verkeerd uitgespreek het. Die reseptors sal dan op 'n bepaalde wyse daarop reageer. Die tweede soort terugvoer behels die voortdurende reaksie van die reseptors op dit wat gesê word. Dit gebeur byvoorbeeld in terme van liggaamshouding en oogkontak.

Die derde soort terugvoer is geantisipeerde terugvoer. Dit is veral van toepassing op skriftelike kommunikasie. Die bron voor-

sien wat die reaksie van die reseptor op die boodskap gaan wees. (Nida, 1972(b) : 310-312).

Alvorens die boodskap geïnterpreteer kan word, moet deeglik van die konteks waarbinne die kommunikasieproses plaasvind, kennis geneem word. Die konteks bestaan uit drie elemente naamlik (1) tyd; (2) plek; en (3) rolle van deelnemers aan die kommunikasie. Die laasgenoemde element behels ook rolle van die bron en die reseptors, byvoorbeeld "is die verhouding tussen die bron en die reseptor een van onderwyser tot student?" (Nida, 1981(a) : 10).

Daar is vier basiese faktore wat dit moontlik maak dat mense mekaar kan verstaan (-ook mense van verskillende taalgemeenskappe):

- 1) die ooreenkomste van verskillende verstandelike prosesse van alle mense;
- 2) die ooreenkomste van somatiese reaksies;
- 3) die ooreenkomste van kulturele ervaring, en
- 4) die vermoë om aan te pas bv die gedragstrone van ander.

Alhoewel volmaakte kommunikasie onmoontlik is, is daar weens hierdie faktore tog 'n hoë graad van effektiewe kommunikasie moontlik (Nida, 1964 : 53-55).

1.2. Die funksies van kommunikasie

Nida (1983 : 46-47) onderskei agt funksies van die kommunikasieproses. Hierdie funksies word in terme van die verhouding van 'n kommunikasiemedium tot die deelnemers van kommunikasie beskryf.

In die ekspressiewe funksie gaan dit daaroor dat die bron sy eie gevoelens en emosies uitdruk. Dit gaan dus nie hier soseer oor die reaksie van die reseptors nie.

Die kognitiewe funksie behels die sogenaamde "inner speech", waarin die bron optree as sy eie reseptor.

Met die egosentriese funksie wil die bron nie soseer inligting oordra nie, maar eerder die reseptor se aandag vestig op sy eie (die bron se) vermoëns en kennis.

Die informatiewe funksie is daarop gemik om die kognitiewe staat van die reseptor te beïnvloed, terwyl die imperatiewe funksie die gedrag, en die performatiewe kommunikasie, die status van die reseptor wil beïnvloed.

Die emotiewe funksie behels die beïnvloeding van die emosionele staat van die reseptors. Soms word geen inligting deurgegee nie, maar die doel is slegs om die deelnemers aan kommunikasie van die betrokkenheid van beide die bron en die reseptor te verseker. Dit word die fatiese funksie van kommunikasie genoem. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n persoon wat oor die telefoon praat, elke nou en dan "ja" sê om die ander persoon van sy betrokkenheid te verseker.

HOOFSTUK 2

FAKTORE WAT DIE ENKODERENDE EN DEKODERENDE MEKANISMES VAN DIE RESEPTOR BEÏNVOELD.

In hoofstuk 1 is aangetoon dat die reseptor sowel enkoderende as dekodeerende meganismes het. Daar is sekere faktore wat hierdie meganismes beïnvloed. Die faktore wat Nida onderskei het, het betrekking op die reseptor van enige kommunikasie, maar word toegespits op die reseptor van Bybelvertaling. Met ander woorde hierdie faktore moet ook in die vertaalproses in ag geneem word.

Hierdie faktore kan nie in waterdige kompartemente ingedeel word nie, maar is in mekaar vervleg en hou met mekaar verband. Dit wil voorkom of Nida kultuur as die belangrikste faktor beskou. Veral blyk dit uit sy boeke Religion across cultures (1968) en Meaning across cultures (1981). Streng gesproke is taal 'n aspek van kultuur, maar omdat dit so 'n belangrike faktor is, word dit afsonderlik behandel. Die "ander faktore" wat onder 2.7 behandel word, sluit ten nouste aan by taal en kultuur omdat dit oor faktore, wat die reseptor se taalgebruik beïnvloed, handel.

Die faktore wat onder die opskrifte "Sosio-ekonomiese klasse", "Opvoedkundige vlak", "Kanaalkapasiteit", en "Gelowiges en ongelowiges" behandel word, sluit nou by mekaar aan (en by die drie faktore wat reeds hierbo genoem is).

2.1 Kultuur.

Vandag besef linguïste en etnoloë die verhouding tussen hulle onderskeie ondersoekvelde. Dit word aanvaar dat taal deel is van kultuur (Nida, 1975 : 66). Die kultuur van 'n reseptor het daarom 'n direkte invloed op die betekenis wat 'n boodskap vir hom sal hê (Nida, 1981(a) : 49).

2.1.1 Kulturele voorveronderstellings

Nida (1981(a) : 14) skryf dat : " Much of the referential meaning for the receptors of any message depends upon the presuppositions of a particular society. The presuppositions are the underlying assumptions, beliefs, and ideas that are generally shared by persons, but are rarely, if ever, described or defined, simply because they seem so basic and obvious as not to require verbal formulation." In Joh 9:2 vra die dissipels wie se sonde dit is dat die man blind is. Dit is gebaseer op die kulturele voorveronderstelling dat dit sonde is wat ongeluk veroorsaak.

Volgens Nida (1981(a) : 14-17) kan voorveronderstellings in vyf klasse ingedeel word:

- 1) die fisiese aarde en lewende wesens byvoorbeeld rein en onrein diere;
- 2) geskiedenis en bestemming byvoorbeeld hemel en hel;
- 3) bonatuurlike wesens byvoorbeeld God, engele en die duivel;
- 4) interpersoonlike verhoudinge byvoorbeeld slawerny of man-vrou, en
- 5) intellektuele aktiwiteite byvoorbeeld wat is waarheid?

Hierdie voorveronderstellings speel dikwels 'n deurslaggewende rol by die verstaan van 'n boodskap.

2.1.2 Aspekte van kultuur wat die reseptor beïnvloed

Die reseptor verstaan 'n boodskap in terme van sy eie kultuur. Nida (1975(a) : 68) neem dit nog verder deur te sê "Words are fundamentally symbols for features of the culture". Verskillende kulture het verskillende elemente wat die enkoderende en dekode-rende meganismes van die reseptor beïnvloed. Nida bespreek hierdie elemente in terme van vyf aspekte van kultuur:

2.1.2.1 Ekologie

Daar is groot ekologiese variasie van gebied tot gebied. Neem as

voorbeeld die Maya Indiaanse gemeenskap. As gevolg van die soort gebied wat hulle bewoon, kan hulle hulself moeilik 'n woestyn indink. Al plek wat vir hulle sonder enige plantegroei is, is 'n veld wat skoongemaak is om koring te plant. Dit kom egter nie ooreen met 'n woestyn in die ware sin van die woord nie. Ekologie, as 'n aspek van kultuur, speel dus 'n belangrike rol in die reseptor se vermoë om 'n boodskap te kan begryp.

2.1.2.2 Materiële kultuur

Hierdie aspek het 'n noue verband met Ekologie wat hierbo bespreek is. Daar is heelwat items wat ooreenkoms toon tussen byvoorbeeld die Palestynse kultuur van die Bybelse tyd, en die kultuur van die hedendaagse sogenaamde primitiewe nasies. In baie dele van die wêreld is items soos die sambok, die meulsteen en klipbakke algemene items. Daar is egter, ten spyte van die ooreenkomste, tog ook groot verskille tussen kulture. In die Nuwe Testament handel baie illustrasies oor prosesse en gewasse van landbou. In sommige dele van die wêreld is koring onbekand. Verder is dit byvoorbeeld in 'n bepaalde kultuur, wat 'n dubbelsok gebruik om koring te plant, onverstaanbaar hoe die saaiër (in die gelykenis van die saaiër) op verskillende soorte grond kon saai. Dit toon dus aan watter invloed die materiële kultuur op die reseptor se enkoderende en dekoderende meganismes het.

2.1.2.3 Sosiale kultuur

Die sosiale opset is baie kompleks en verskil van kultuur tot kultuur. In byvoorbeeld die Indiaanse Mayataal is daar nie terme vir broer en suster nie, maar net vir ouer broer en jonger broer, ouer suster en jonger suster. Die Bybel dui dikwels nie hierdie verhouding eksplisiet aan nie. 'n Aanduiding wat hiervoor gebruik word, is dat die ouer persoon se naam gewoonlik eerste voorkom.

2.1.2.4 Religieuse kultuur

Ook wat religieuse kultuur betref, is daar groot variasie. So het verskillende kulture verskillende terme vir godheid. Aan so 'n term word verskillende konnotasies geheg. Die religieuse kultuur speel dus 'n belangrike rol in die reseptor se interpretasie van 'n godsdienslike boodskap.

2.1.2.5 Taal

Verskillende kulture het ook verskillende tale. Alhoewel taal volgens Nida (1975(a) :68-78) 'n aspek van kultuur is, word dit weens die belangrikheid daarvan afsonderlik bespreek onder 2.2 .

2.1.3 Ooreenkomste in kulture

Daar is reeds (in 1.1 p.5) daarop gewys dat waar daar tussen mense ooreenkomste van kulturele ervarings is, dit moontlik is dat mense mekaar kan verstaan. Die faktor van verskillende kulture is belangrik, maar dit moet nie oordryf word nie. Dit is wel waar dat dit die enkoderende en dekoderende meganismes van die reseptor beïnvloed, maar daar is meer dinge wat mense verenig as wat hulle verdeel. Die mense in die Bybel het dieselfde basiese behoeftes en probleme gehad as die mense van vandag. (Nida, 1981(a) : 27).

2.2. Taal

2.2.1. Die korrekte houding t.o.v. die reseptortaal

Om effektief te kan kommunikeer of vertaal, vereis dat die kommunikeerder of die vertaler (dit is in beide gevalle die bron), 'n korrekte houding moet hê ten opsigte van die reseptortaal. Nida (1974:3-6) gee hiervoor belangrike riglyne:

1. "Each language has its own genius." Dit wil sê elke taal

het sekere onderskeidende eienskappe wat dit 'n spesiale karakter gee.

2. "To communicate effectively one must respect the genius of each language." Die potensiaal van 'n taal eerder as sy beperkinge, moet raakgesien word en tot sy maksimum benut word.
3. Alles wat in een taal gesê kan word, kan in 'n ander taal gesê word, behalwe as die vorm 'n noodsaaklike deel van die boodskap is.
4. Om die inhoud van 'n boodskap te behou, moet die vorm daarvan verander word. Die mate waarin die vorm verander moet word, hang van die linguïstiese en kulturele afstand tussen die brontaal en die reseptortaal af.

2.2.2. Grammatika

Volgens Nida (1960:83-84) moet die vertaler na die volgende grammatikale verskynsels in die reseptortaal oplet:

1. lengte van sinne;
2. neweskikkende of onderskikkende konstruksies;
3. onderskikkende of neweskikkende sinne;
4. die aantal gekombineerde sinne;
5. woordorde; en
6. pronominale plaasvervangers.

2.2.3. Retoriese struktuur

Volgens Nida (1983:11) het ook die retoriese struktuur van die boodskap 'n invloed op die reseptor se verstaan daarvan. Hy sit dit soos volg uiteen: "In many instances analyses of function in language have not distinguished three important relations: a) discourse to intent, b) discourse to the real world, and c) discourse to the response of receptors. But probably the most serious failure has arisen from the fact that the signification of these functions has not been treated in a semiotic sense. Thinking of meaning only in terms of lexical items or proposi-

tions has often led persons to disregard the crucial role of rhetorical features as signs having meaning for receptors. The explication of the meaning of such signs cannot be accomplished in the same manner as one defines lexical meanings by componential features, but anything which serves as a sign of something for receptors has meaning in this broad semiotic sense."

2.2.4. Dialekte

Nida (1972(a):319-320; 1974:129-130) onderskei twee soorte dialekte, naamlik sosio-ekonomiese en geografiese dialekte. Sowel die linguïstiese as die kulturele elemente van dialekte speel 'n belangrike rol in die kommunikasieproses. Volgens Nida (1974:130) word daar ondervind dat mense van verskillende dialekte in staat is om mekaar te vertaan, maar mekaar nie wil verstaan nie. In sommige gevalle kan mense met groot verskille tussen die dialekte mekaar verstaan, maar in ander gevalle, waar daar relatief min verskille tussen die dialekte is, weier die mense om by die ander dialek aan te pas. Die faktor van verskillende dialekte kan dus 'n kommunikasiestruikelblok word wat die reseptor verhoed om die boodskap te verstaan.

2.2.5. Literêre tradisie

Omdat die literêre tradisie van 'n taal 'n direkte invloed daarop uitoefen, moet dit in ag geneem word. Nida (1974:120) onderskei drie situasies van literêre tradisie:

1. tale met lang literêre tradisies en 'n relatief goed gedefinieerde literêre styl;
2. tale wat onlangs begin skryf is, en wat in die kort tyd wat dit geskryf is, bepaalde vorme as aanvaarbaar beskou het. Dit het dus 'n relatief kort literêre tradisie; en
3. tale wat tans besig is om op skrif gestel te word.

2.2.6. Vlakke van taal

Nida benader die vlakke van taal uit twee verskillende gesigshoeke. Die eerste is in terme van die verhouding van die bron tot die reseptor en die tweede in terme van die taalvermoë van die reseptor.

Wat die eerste gesigshoek betref, onderskei Nida (1972(a):317-318) die volgende vyf vlakke

1. die vlak waarop bloot inligting uitgeruil word (consultative level), kom voor tussen mense wat mekaar nie ken nie en kommunikeer oor 'n onderwerp van neutraal-emosionele belang. Die fokus is op die boodskap en nie op 'n breedvoerige gebruik van estetiese stilistiese eienskappe nie. Hierdie vlak word onderskei van die volgende vlak in die sin dat daar terugvoer is;
2. op die formele vlak is die bron en die reseptor onbekend aan mekaar en die omstandighede is formeel;
3. die informele vlak kom voor tussen mense wat mekaar ken en ontspanne is;
4. die intieme vlak word gebruik deur mense wat mekaar goed ken en baie linguïstiese en nie-linguïstiese ervaring met mekaar deel, en
5. die bevrore vlak van taal is bevrore, omdat die inhoud en vorm grootliks voorspelbaar is, soos byvoorbeeld 'n doopsereemonie.

Dit is belangrik om taal op die regte vlak in die regte situasie te gebruik sodat die reseptors daarmee kan identifiseer. As dit nie gedoen word nie, is dit oonaanvaarbaar en laat dit die reseptors ongemaklik voel.

Die onderskeiding van vlakke van taal vanuit die gesigshoek van die taalvermoë van die reseptor kan met die volgende diagram verduidelik word:

Die geskrewe taal




fig.3.

(Uit Nida, 1977 : 110)

Hierdie diagram "is restricted to the written language and also to the "consumer" role, that is, the language which people can read and readily understand" (Nida, 1977:110).

X is 'n persoon met hoë opleiding, terwyl Y 'n persoon is met redelike beperkte opleiding. Drie vlakke word onderskei nl. 1) Literêre en tegniese vlak; 2) Algemene taalvlak; 3) Die vlak van taal wat onder standaard is.

X het 'n beter leesvermoë en begrip as Y, maar hy kan nie alles op die literêre en die taalvlak onder standaard verstaan nie. X sal nooit taal gebruik wat onder die lyn C-D is, as hy vir 'n onbekende leser skryf nie, maar wel as hy vir intieme vriende skryf.

Y sal dikwels op die taalvlak onder standaard skryf, maar hy wil nie van mense of instellings, wat op die vlak van X is, kommunikasie wat op daardie vlak is, ontvang nie.

Die lyn A-B dui aan waar Y se taalvermoë ophou. Hy kan slegs dit verstaan wat onder hierdie lyn is.

Hieruit blyk dus dat vir beide X en Y die algemene taalvlak sowel aanvaarbaar as verstaanbaar is. Die taal van 'n Bybelvertaling moet dus op hierdie vlak lê.

2.3. Die reseptor se opvoedkundige vlak

Ook die reseptor se opvoedkundige vlak het 'n invloed op sy enkoderende en dekodeerende meganismes. Dit het ook 'n groot invloed op die taalvermoë van die reseptor (kyk 2.2.6). Nida (1981(b):121) onderskei vyf opvoedkundige vlakke:

1. diegene met universitêre opleiding;
2. diegene met sekondêre skoolopleiding;
3. diegene met beperkte opleiding, gewoonlik laerskoolopleiding;
4. nuwe volwasse geletterdes, dit wil sê volwassenes wat pas begin leer lees en skryf het, en
5. kinders.

2.4. Kanaalkapasiteit

Die reseptor se kanaalkapasiteit word deur sy kultuur, taalvermoë en opvoedkundige vlak beïnvloed. Dit bepaal in 'n groot mate die reseptor se vermoë om 'n boodskap te kan enkodeer en dekodeer.

In die kommunikasieproses het die boodskap twee dimensies naamlik die lengte en die moeilikheidsgraad daarvan. Om doeltreffend te kan kommunikeer moet beide dimensies in ag geneem word om by die kanaalkapasiteit van die reseptor te pas. (Nida, 1981:133). Kanaalkapasiteit kan soos volg voorgestel word:




fig.4. (Uit Nida, 1974:164)

M = Boodskap (message)

d = moeilikheidsgraad (difficulty)

l = lengte

Hoe groter die kanaalkapasiteit van die reseptor, hoe korter kan die boodskap wees en hoe hoër is die moeilikheidsgraad. Hoe kleiner die kanaalkapasiteit, hoe langer moet die boodskap en hoe laer die moeilikheidsgraad wees.

As die lengte van die boodskap van 'n vertaling dieselfde gehou word as die lengte van die oorspronklike boodskap, sal die moeilikheidsgraad daarvan toeneem. Verder verskil die kanaalkapasiteit van die nuwe reseptors omdat hulle agtergrondskennis van die oorspronklike teks aansienlik minder is. Die lengte van die boodskap moet daarom verleng word. Dit word gedoen deur dit wat implisiet is, eksplisiet te maak, en waar nodig, aanvullende inligting te verskaf om die betekenis van die teks uit te lig (Nida, 1981:133).

2.5. Sosio - ekonomiese klasse

Volgens Nida (1981(b):121) kom dit voor asof die "interests, values, and presuppositions of people - particularly with regard to religious values" verband hou met die onderskeie sosio - ekonomiese klasse. Dit het 'n bepaalde invloed op die mens se interpretasie van 'n boodskap. Hy onderskei dus drie klasse en dui aan hoedat hulle godsdienstige opvattinge verskil.

2.5.1. Die hoërklas

Hulle is gewoonlik meer geïnteresseerd in die religieuse tradi-

sies en wil instellings, waardes en idees wat bydrae tot hulle sekuriteit, bewaar. Hulle het gewoonlik 'n hoë status.

2.5.2. Die middelklas

Persone van die middelklas het veral belang by die leerstellinge en gedrag. Dikwels wil hulle godsdiens gebruik om opgang te maak.

2.5.3. Die laerklas

Hulle sien godsdiens as 'n bron van hoop, groepsidentifikasie en sekuriteit.

2.6. Gelowiges en ongelowiges

Nida (1981(b):122) gebruik die term "insiders" vir diegene wat deur die geloof aan die Bybel en die implikasies daarvan gebind is. Vir diegene wat nie so aan die Bybel gebonde is nie, gebruik hy die term "outsiders".

Die "insiders" is geneig om konserwatief te wees en 'n weerstand te hê teen enige hersiening van die Bybel of 'n nuwe vertaling daarvan wat die boodskap duideliker maak. Hulle ervaar dit as 'n bedreiging van hulle geloof.

'n Vertaling van die Bybel wat gemik is op die "outsiders", kan egter 'n dinamiese invloed op die "insiders" hê. Aan die ander kant is 'n teks, wat vir die "insiders" voorberei is, dikwels onverstaanbaar vir die "outsiders" en kom dit dikwels irrelevant voor.

2.7. Ander faktore

Ander faktore beuewens die reeds genoemde faktore is: 1. Ouderdom; 2. Geslag; 3. Beroep. Hierdie faktore het 'n noue verband

met die reeds genoemde faktore. Nida (1969:127) gee die volgende inligting oor hierdie faktore:

1. Jong mense is geneig om anders te praat as hulle ouers. Dit is deel van die sogenaamde "generation gap". Hulle verwerp alle vorme wat oud-modies klink en neem gou nuwe vorme van taal, insluitend sleurtaal (slang) aan.
2. Vroue praat anders as mans. In sommige tale is die verskil-
le geformaliseer en in ander word dit informeel aangewend.
3. Mense wat saamwerk praat al hoe meer en meer dieselfde en
het 'n taal wat eie is aan hulle beroep.

HOOFSTUK 3

VERTALING EN DIE RESEPTOR

In hoofstuk 2 is die faktore wat volgens Nida 'n invloed op die reseptor het, teoreties uiteengesit. In hierdie hoofstuk word aangetoon hoe hierdie faktore, volgens Nida se vertaalteorie, in Bybelvertaling verdiskonteer behoort te word.

3.1. Die aard van Vertaling

Nida (1981(b):119) gee die volgende definisie van vertaling: "Translation consists of the reproduction in the receptor language of the message of the source language in such a way that the receptors in the receptor language may be able to understand adequately how the original receptors in the source language understood the original message"¹⁾

Dit is duidelik dat met so 'n definisie van vertaling nie 'n formele gelyke nie, maar 'n dinamies ekwivalente vertaling bedoel word.

In die twee diagramme (fig.5 en fig.6) word die verskil tussen formele gelykheid en dinamiese ekwivalensie uitgewys. Die groot verskil lê in die klem of belang van die reseptor.

1. Hierdie is 'n duideliker formulering van die definisie wat Nida in The theory and practise of translation (1974:208) gee. Daarin definieer hy vertaling as "the reproduction in a receptor language of the closest natural equivalent of the source language message, first in terms of meaning, and second in terms of style" (p208).




fig.5




fig.6

S=Bron M=Boodskap R=Reseptor

(Uit NIDA 1974 : 22,23)

In fig.5 verteenwoordig die eerste blok die bron (s) wat die boodskap (M1) kommunikeer. Die boodskap word ontvang deur die oorspronklike reseptor (R1). Die vertaler is tegerlykertyd bron sowel as reseptor. Hy ontvang M1 asof hy 'n R1 is en reproduseer dan 'n nuwe boodskap (M2) in 'n ander kulturele konteks. M2 word deur 'n nuwe reseptor (R2) ontvang. Die kritiese toetsing van 'n vertaling word gedoen deur M1 met M2 te vergelyk. Daar kom egter 'n fout in omdat die persoon wat M2 beoordeel, dit doen in terme van wat hy alreeds van M1 weet.

As die fokus egter gerig word op die mate waarin die reseptors die boodskap verstaan, verander die prentjie na fig.6. Nou moet die persoon wat die vertaling toets, die begrip wat die eerste reseptors (R1) van M1 gehad het, vergelyk met die begrip wat die nuwe reseptors (R2) van M2 het.

Dinamiese ekwivalensie is dus "the degree to which the receptors of the message in the receptor language respond to it substantially in the same manner as the receptors in the source language" (Nida, 1974:24). Hierdie reaksie kan egter nooit iden-

ties wees nie omdat die kulturele en historiese agtergrond ver-
skil. As daar egter nie 'n groot ooreenkoms in reaksie is nie,
het die vertaling nie in sy doel geslaag nie.

3.2. Verstaanbaarheid

Uit die voorafgaande blyk dit dat die vertaling sodanig moet wees
dat die nuwe reseptor dit reg sal verstaan. Nida (1974:1) gaan
sover deur te sê "We aim to make certain that such a person is
very unlikely to misunderstand it."

Om verstaanbaarheid te bevorder moet twee soorte uitdrukkings
gesoek en uitgeskakel word:

1. die wat waarskynlik verkeerd verstaan sal word, en
2. die wat so moeilik is dat dit die reseptor sal ontmoedig om
dit te probeer verstaan (Nida, 1974:2).

Idiome soos bv. "op sy hoof vurige kole ophoop" (Rom. 12:20) word
gewoonlik verkeerd verstaan omdat die gemiddelde reseptor nie
kennis dra van destydse semitise idiome nie.

3.3. Prioriteite

Nida (1974:28-32) dui 'n aantal prioriteite aan waarvolgens 'n
vertaler keuses moet maak sodat sy vertaling, met die oog op die
reseptor (vgl. 3.2), werklik geslaag sal wees.

3.3.1. Die prioriteit van die hoorbare vorm van taal bo die geskrewe vorm van taal.

Nida voer vier redes aan vir hierdie prioriteit:

3.3.1.1. Die Bybel word dikwels liturgies gebruik sodat meer
mense dit hoor as dit self lees.

3.3.1.2. Die Bybel word dikwels hardop vir groepe gelees as

groepsonderrig.

3.3.1.3. In sommige gebiede lees mense die Bybel vir hulself hardop en verstaan dan wat hulle lees.

3.3.1.4. Die Bybel word deesdae veral in media soos die radio en televisie gebruik. Die hoorbare vorm moet dan heeltemal verstaanbaar wees.

Weens hierdie prioriteit moet na die volgende opgelet word:

1. Hoofletters is nie voldoende om dubbelsinnige en misleidende vertalings teen te werk nie;
2. spelling is nie voldoende om misleidende teensprake teen te werk nie;
3. terme wat kru klink in die uitspraak moet nie gebruik word nie, selfs as die geskrewe vorm daarvan nie kru is nie;
4. punktuasie moet nie gebruik word om misleidende grammatikale konstruksies te korrigeer nie;
5. antwoorde van retoriese vrae moet dikwels eksplisiet gegee word om verwarring te voorkom;
6. onbepaalde mondelingse woordspellinge moet vermy word;
7. vorme van name moet aangepas word by die fonologiese sisteem van die reseptortaal om probleme, vir diegene wat die Bybel moet voorlees, te voorkom;
8. betekenisloosheid in 'n teks moet vermy word, en
9. vertaling moet nie oorlaai word nie.

3.3.2. Die prioriteite van die behoeftes van die reseptors bo die vorm van taal

Om hierdie prioriteit tot sy reg te laat kom, moet meer waarde gegee word aan die vorme wat die reseptors verstaan en aanvaar, as aan die vorme wat 'n langer literêre tradisie het. Daarom moet bo en behalwe die taalvlakke (kyk 2.2.6) ook die soort reseptors, waarop die vertaling gemik word, in ag geneem word. Die taal van sekere groepe reseptors het voorkeur bo die taal van

ander:

1. die taal van nie-christene het voorkeur bo die taal van christene. Die Bybel moet immers verstaanbaar wees vir nie-christene, en sodoende sal die christene in elk geval ook verstaan;
2. die taal van mense tussen vyf-en-twintig en dertig het voorkeur bo die taal van kinders en ouer mense. Ouer mense se taalgebruik is dikwels verouderd en die van kinders onverstaanbaar en onder standaard, en
3. in sekere situasies het die taal van vroue voorkeur bo die taal van mans omdat die mans meer linguïstieke kontak het. Die mans se taalgebruik word byvoorbeeld deur hulle werksomstandighede beïnvloed.

3.4. Gebruike

Omdat die vertaling op die reseptor gerig word, moet bepaal word waarvoor die reseptors die vertaling gaan gebruik. Nida (1981(b):122-123) onderskei die volgende gebruike:

1. liturgiese gebruik waarin ðf een persoon dit voorlees en die ander luister ðf almal gesamentlik lees;
2. bestudering van 'n teks. Hierdie vertaling gaan gepaard met heelwat notas en hulpbronne sodat mense die betekenis en implikasie van 'n vertaling meer korrek kan bepaal, en
3. persoonlike godsdienstige gebruik.

3.5. Die Vertaalproses

Nida (1974:33) onderskei twee verskillende sisteme van vertaling. Die eerste behels die opstel van 'n stel reëls waarvolgens ekwivalente vorme in die reseptortaal vir items of kombinasies van items in die brontaal verkry word. Dit kan soos volg voorgestel word:

A ----- x -----> B

fig. 7

(Uit Nida, 1974:33)

A verteenwoordig die brontaal en B die reseptortaal. X is 'n universele soort struktuur waaraan alle tale verwant is.

Die tweede sisteem van vertaling bestaan uit 'n meer uitgebreide prosedure van drie fases nl. 1) analise; 2) oordrag (transfer); en 3) rekonstruksie. Hierdie fases kan diagrammaties soos volg voorgestel word:




fig. 8

(Uit Nida, 1974:33)

Hierdie drie fases van die vertaalproses is daarop gemik om die boodskap by die reseptor (B) uit te bring en nie net om dit in die reseptortaal oor te sit nie. Nida is 'n besliste voorstaander van hierdie tweede sisteem van vertaling (Nida, 1974:34).

3.5.1. Analise

Hierdie fase is nie direk op die reseptor gerig nie. Omdat dit egter die weg vir die fase van oordrag baan, word dit hier kortliks bespreek. In hierdie fase word die oppervlakte struktuur van die boodskap in die brontaal geanaliseer in terme van 1) die grammatikale verhoudinge, en 2) die betekenis van woorde en kombinasies van woorde (Nida, 1974:33):

1. Die grammatikale verhoudinge tussen woorde word geanaliseer

deur die uitdrukkings te verwerk. Uitdrukkings wat gebeure uitdruk word tot werkwoorde verwerk, so ook objekte tot naamwoorde, abstrakte (kwantiteite en kwaliteite) tot byvoeglike naamwoorde en bywoorde en relasies tot voorsetsels en voegwoorde. Hierdie verwerkte uitdrukkings kom neer op wat baie linguïste "kernsinne" noem, dit wil sê die basiese strukturele elemente waaruit die taal sy uitgebreide oppervlakte struktuur bou. Die belang van kernsinne is naamlik dat tale in 'n groter mate ten opsigte van kernsinne ooreenstem as ten opsigte van oppervlakte struktuur. (Nida, 1974:39)

- 2) Die analise van die betekenis van woorde en woordkombinasies word gedoen deur te bepaal 1) waarna woorde as simbole verwys, (referential meaning) en 2) tot watter reaksie dit by die deelnemers van kommunikasie aanleiding gee (Nida, 1974:56).

Na hierdie analise is die weg vir die volgende fase gebaan. Nida (1981(b):108) stel dit so: "analyses moves in the direction of the underlying semantic structure. It always includes as large a unit as reflects an integral unity, and it anticipates in each instance the types of problems which are likely to be encountered in the process of transfer".

3.5.2. Oordrag (transfer)

Die fase van oordrag hou in dat die geanaliseerde stof van die vorige fase van die brontaal na die reseptortaal oorgesit word (Nida, 1974:99). Hierdie fase vind hoofsaaklik in die vertaler se brein plaas. Daarom moet die vertaler daarteen waak dat sy persoonlike tekortkominge nie daartoe lei dat die boodskap verdraai word nie.

Die kernsinne word nie as losstaande kernsinne nie, maar met hulle onderlinge relasies oorgesit. Die drie hoofsoorte verhou-

dings tussen kernsinne is: 1) temporeel; 2) ruimtelik, en 3) logies.

Nida skryf in die boek The theory and practise of translation (1974:104): "In transferring the message from one language to another, it is the content which must be preserved at any cost; the form, except in special cases, such as poetry, is largely secondary, since within each language the rules for relating content to form are highly complex, arbitrary, and variable." In sy mees resente boek Style and Discourse (1983:11) gee hy die vorm van die boodskap 'n meer prominente plek deur aan te toon dat ook die vorm (en meer spesifiek, die retoriese struktuur) van die boodskap vir die reseptor betekenis het en daarom vertaal moet word (kyk 2.2.3). Dus is sowel die inhoud as die vorm in hierdie fase van belang.

3.5.2.1. Semantiese aanpassings

In enige vertaling gaan van die semantiese inhoud van die boodskap verlore. Dit beteken met ander woorde dat die reseptor van die vertaling nie die volle inhoud van die oorspronklike boodskap ontvang nie. Om dit te beperk moet sekere semantiese aanpassings gemaak word. Nida onderskei die volgende agt probleemareas wat semantiese aanpassings verg:

1. **Idiome:** Drie verskillende soorte aanpassings word hier gemaak: 1. van idiome na non-idiome; 2. van idiome na idiome, en 3. van non-idiome na idiome.
2. **Figuurlike betekenis van individuele woorde:** Die semantiese aanpassings wat gemaak kan word ten opsigte hiervan is die volgende: 1. van figuurlike tot nie-figuurlike gebruik; 2. van figuurlike tot figuurlike gebruik, en 3. van nie-figuurlike tot figuurlike gebruik.
3. **Die verskuiwing in sentrale komponente van betekenis.** 'n

Voorbeeld hiervan is die Griekse woord vir "duiwel" wat etimologies lasteraar beteken. Hierdie letterlike vertaling mag in 'n ander taal moontlik nie veel betekenis hê nie. 'n Ander uitdrukking soos "owerste van die demone" sal baie meer akkuraat wees. Hier was dus 'n skuif van etimologiese betekenis.

4. Generiese en spesifieke betekenis. Soms moet daar 'n aanpassing van generies na spesifiek en soms van spesifiek na generies gemaak word.
5. Pleonastiese uitdrukkings. 'n Voorbeeld hiervan is "Hy het geantwoord en gesê": Dit kan gereduseer word tot "Hy het geantwoord".
6. Formules. Dikwels moet formules verander word om by die reseptortaal te pas byvoorbeeld "seënende sal Ek jou seën" tot "Ek sal jou waarlik seën" (Hebr. 6:14).
7. Die herverspreiding van semantiese komponente. Daar is twee hoofsoorte herverspreiding, naamlik: 1. analitiese herverspreiding, dit wil sê die verspreiding en uitbreiding van komponente tot 'n aantal woorde; 2. sintetiese herverspreiding wat die groepering van 'n aantal komponente tot 'n enkele komponent behels.
8. Voorsiening van kontekstuele omstandighede. Soms is daar groot kulturele en historiese verskille tussen die Bybelse referente en die ooreenkomstige parallele in die reseptortaal. In baie gevalle kan die voorsiening van die kontekstuele omstandighede in die teks baie van die probleme oplos.

3.5.2.2. Strukturele aanpassing

In die fase van oordrag poog die vertaler om sover moontlik die strukturele vorm te behou. In die meeste gevalle is dit egter

nie moontlik nie omdat die vertaling dan vir die reseptor onvertaanbaar sal wees (kyk 3.2). Daarom moet daar ten opsigte van die volgende sake strukturele aanpassings gemaak word: 1) diskoers; 2) sinne; 3) woorde; en 4) klanke.

3.5.3. Rekonstruksie

Rekonstruksie is die finale fase in die vertaalproses. Hier word die oorgesette materiaal van die vorige fase finaal gerekonstrueer om sodoende aanvaarbaar en maklik verstaanbaar vir die reseptors te wees. In die rekonstruksie fase word die probleme vanuit drie perspektiewe beskou naamlik: 1. die verskeidenheid van taal of style wat voorkeur moet geniet; 2. die noodsaaklike komponente en eienskappe van die verskillende style, en 3. die tegnieke wat toegepas kan word om in die style wat voorkeur geniet, te kan vertaal.

Tydens hierdie fase moet faktore soos literêre tradisie (2.2.5), vlakke van taal (2.2.6), ouderdom, geslag, beroep (2.7), opvoedkundige vlak (2.3), sosio-ekonomiese klas (2.5), godsdienstige affiliasie (2.6) en dialekte (2.2.4) in ag geneem word. Hierdie faktore bring die verskeidenheid in taal of style mee. Die vertaler moet dus die styl van die vertaling so aanpas dat hierdie faktore, sover moontlik, nie 'n negatiewe invloed op die reseptor se verstaan van die boodskap sal hê nie.

3.6. Hulpmiddele vir die reseptor buiten die vertaling

'n Vertaling kan nie al die inligting wat vir die reseptors nodig is, om die boodskap te kan verstaan, deurgee nie. Nida (1981(a):77-78) onderskei 'n groot aantal hulpmiddele wat gebruik kan word om addisionele inligting aan die reseptor deur te gee.

3.6.1. Perikoopskrifte

Dit gaan die betrokke perikoop vooraf en is nie bedoel om verdui-

delikend te wees nie, maar eerder identifiserend.

3.6.2. Kruisverwysings

Kruisverwysings kan op drie verskillende plekke voorkom:

1. net onder die perikoop opskrif in die geval van 'n parallelle perikoop;
2. aan die voet van 'n bladsy in die geval van 'n aanhaling, en
3. agter in 'n indeks.

3.6.3. Kantaantekeninge

Dit kan aan die voet van die bladsy of agter in die bylaag voorkom en is nuttig vir die verduideliking van historiese en kulturele gebeurtenisse sowel as vir die aanduiding van alternatiewe lesings.

3.6.4. Identifikasie of verduideliking van objekte of gebeure wat herhaaldelik voorkom.

Inligting wat nodig is om objekte of gebeure wat herhaaldelik voorkom, te identifiseer of verduidelik (soos bv. tegniese woordeboek) behoort in die glossarium, indeks, konkordansie, tafels (van byvoorbeeld gewigte), of kaarte, voor te kom.

3.6.5. Inhoudsopgawe

Hierin word die boeke van die Bybel gegee om die leser sodoende in sy omgang met die skrif te help.

3.6.6. Indeks

Dit is nodig sodat die lesers die bladsye (mag) vind waarin verskeie persone, gebeure en onderwerpe aan die orde kom.

3.6.7. Inleidings

Dit kom aan die begin van elke Bybelboek voor en bevat sover moontlik inligting oor die skrywer, die plek en tyd van die skrywe, die geadresseerdes en die hoofemas van die boek.

HOOFSTUK 4

DIE TOETSING VAN 'N VERTALING

Nida (1974:169-173) beveel die volgende toetsprosedures aan:

4.1. Die "Cloze Technique"

Hierdie toets toets die gemak waarmee die leser dit wat hy lees, kan verstaan. Die toets hou in dat die graad van voorspelbaarheid vasgestel word deur elke vyfde woord in 'n geskrewe teks weg te laat en dan die leser te vra om die woord wat die beste in die konteks pas, daar in te vul. Hoe meer korrekte antwoorde gegee word, hoe makliker verstaanbaar is die vertaling.

4.2. Berekening van die frekwensie van gebruik

As byvoorbeeld in 'n bepaalde taak die passiewe vorm 5 % van alle kere en die aktiewe vorm 95 % gebruik word, kan die vorme in 'n vertaling getel word. As die persentasie van voorkoms grootliks verskil, is dit 'n aanduiding dat die vertaling onnatuurlik is. Ook die frekwensie van die gebruik van ander grammatikale en leksikale elemente kan so getoets word.

4.3. Reaksies op alternatiewe

Dit help nie om mense vrae te vra soos: "Hou u daarvan?" of "verstaan u dit?" nie, want mense erken nie maklik dat hulle iets nie verstaan nie. Daarom moet mense eerder voorsien word van alternatiewe en dan gevra word wat klink die beste en die eenvoudigste. So kan vasgestel word watter uitdrukkingsvorme die verstaanbaarste is.

4.4. Verduidelik die inhoud

Hier moet 'n gedeelte vir 'n persoon gelees word. Die persoon moet dan die gedeelte wat hy aangehoor het, verduidelik aan ander mense wat dit nie gehoor het nie. Sodoende kan vasgestel word in hoe 'n mate die gedeelte verstaan word.

4.5. Hardoplees van 'n teks

'n Gedeelte word hardop gelees deur verskeie persone onderskeidelik. Dit word gedoen voor ander mense sodat die leser probeer om die boodskap te kommunikeer. Die vertaler sit by en teken die plekke aan waar die leser oor sy woorde struikel, aarsel, 'n grammatikale vorm vervang, 'n ander woord gebruik of probleme het met die teks se vloeiendheid.

Waar twee of meer persone op dieselfde plek probleme ondervind wys dit op foute in die grammatikale vorm, die semotaktiese ordening of dalk die woordorde.

4.6. Publikasie van 'n deel van die vertaling

'n Publikasie van 'n deel van die vertaling is 'n toets om te kyk hoe aanvaarbaar die vertaling is. So 'n publikasie moet dan beoordeel word in terme van die volgende:

- 1) die mate waarin die mense kopieë van so 'n publikasie koop ten einde dit met hulle vriende te deel;
- 2) die hoeveelheid tyd wat die mense afstaan daaraan om die vertaling te lees buiten kerkdienste, en
- 3) die mate van betrokkenheid wat die leser wys terwyl hy lees. Hoe lank lees hy voordat hy dit neersit? Wys sy gesig enige belangstelling of tekens van begrip? Hoe baie praat hy met ander mense oor die vertaling?

Die uiteindelijke basis waarvolgens 'n vertaling beoordeel moet word, gee Nida (1974 : 173) aan as die volgende faktore:

- 1) die korrektheid van die reseptor se begrip van die oorspronklike boodskap;
- 2) hoe maklik verstaan die reseptor wat hy lees, en
- 3) hoe betrokke voel die reseptor by dit wat hy lees as gevolg van die doeltreffendheid van die vertaling?

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKINGS

Uit die bespreking in voorafgaande hoofstukke het geblyk dat:

1. die reseptor is die "target" of doel van kommunikasie (1.1 p.3);
2. die reseptor het enkoderende en dekodeerende meganismes (1.1 p.3);
3. daar is verskeie faktore wat die enkoderende en dekodeerende meganismes beïnvloed (hoofstuk 2);
4. Nida se vertaalteorie vloei voort uit sy kommunikasie-teorie omdat eersgenoemde ook reseptorgerig is (vgl. 3.5. p.24);
5. Nida huldig 'n dinamies ekwivalente vertaalteorie (vgl. 3.1.p.19);
6. die fokus van Nida se vertaalteorie is die mate waarin die reseptors die boodskap verstaan (vgl. 3.1. p.19);
7. daarom: (7.1) moet al die faktore wat die reseptor se enkoderende en dekodeerende meganismes beïnvloed in berekening gebring word.
(7.2) het die hoorbare vorm van taal prioriteit bo die geskrewe vorm van taal (vgl 3.3.1. p.21);
(7.3) het die behoeftes van die reseptor prioriteit bo die vorm van taal (vgl 3.3.2. p.22), en
(7.4) moet bepaal word waarvoor die reseptor die vertaling gaan gebruik (3.4. p.23)
8. die analise fase berei die stof, wat vertaal moet word, voor vir die oordragsfase waartydens die stof oorgesit word na die reseptortaal. ook word sekere semantiese en strukturele aanpassings ter wille van die reseptor se verstaan van die boodskap gemaak. (vgl. 3.5.1. en 3.5.2. p.24-28);
9. in die finale fase van rekonstruksie, word die vertaling gerekonstrueer om by die taalstyl van die reseptor te pas (vgl. 3.5.3. p.28)

10. in die vertaling kan nie al die probleme opgelos word nie. Daar word van addisionele hulpmiddele gebruik gemaak om die reseptor te help om die boodskap te verstaan, en
11. die vertaling word getoets met 'n aantal toetsprosedures wat toets of die vertaling vir die reseptor verstaanbaar is en bruikbaar is.

Uit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat Nida se vertaalteorie reseptorgerig is. Bybellesers wat van vertalings gebruik maak, wat volgens Nida se vertaalteorie vertaal is, behoort dus beslis voordele te hê in die verstaan van die boodskap bo lesers van vertalings wat nie volgens hierdie vertaalteorie vertaal is nie.

BIBLIOGRAFIE

1. LATEGAN, B.C. 1984. Current issues in the hermeneutical debate (referaat gelewer tydens die 1984 kongres van die Nuwe Testamentiese werkgemeenskap van Suid-Afrika). (Word gepubliseer in Neotestamentica 18).
2. NIDA, E.A. 1960. The use of receptor language texts. The Bible translator, 11:82-86.
3. NIDA, E.A. 1964. Towards a science of translating. Leiden : E.J. Brill. 331p.
4. NIDA, E.A. & Taber, C.R. 1974. The theory and practice of translation. Leiden: E.J. Brill. 218p.
5. NIDA, E.A. 1972(a) Varieties of language. The Bible translator, 23:316-322.
6. NIDA, E.A. 1972(b) Communication and translation The Bible translator, 23:309-316.
7. NIDA, E.A. 1975(a). Exploring semantic structures. München : Wilhelm fink Verlag. p66-78.
8. NIDA, E.A. 1975(b). Language structure and translation : essays by Eugene A. Nida. Selected and introduced by A.S. Dil. California : Stanford University Press. 283p.
9. NIDA, E.A. 1977. Good News for everyone. Glassgow : Fount Paperback. 129.
10. NIDA, E.A. 1979(a) Translating means communicating : a socio-linguistic theory of translation. The Bible translator, 30:318-325.

11. NIDA, E.A. 1979(b). Translating means communicating I. The Bible translator, 30:101-107.
12. NIDA, E.A. & Reyburn, W.D. 1981(a). Meaning across cultures. New York : Orbis books. 90p.
13. NIDA, E.A. 1981(b). Signs, Sense, Translation. Pretoria : Universiteit van Pretoria. 143p.
14. NIDA, E.A. Louw J.P. Snyman, A.H. Cronje, J.v.W. 1983. Style and Discourse. Cape Town : Bible Society, 199p.
15. SENEKAL, J. 1983. Resepsie - 'n terreinverkenning. In Malan, C. red. Letterkunde en leser. 'n Inleiding tot leserge- rigte literêre ondersoek. Durban/Pretoria : Butterworth. pl.